2006 - 2026

MIDSTREAM COLLEGE

EXCELLENTIA

20

LAERSKOOL MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY

# Nuusbrief 13 27 Augustus 2026

## SPORTUITSLAE

Druk op die skakel vir die sportuitslae



## SKOOLUNIFORM

Leerders mag kies om vanaf **1 September** óf hul someruniform óf winteruniform/sweetpakke te dra. Neem asseblief kennis dat 'n leerder volledige somersdrag of volledige wintersdrag/sweetpak moet dra. Winters- en somersdrag mag dus nie gemeng word nie. Die amptelike datum waarop ons na die someruniform oorskakel, is **13 Oktober.**

## OPNAME

In ons voortdurende strewe om ons opvoedkundige dienste te verbeter, nooi ons u graag uit om ons ouertevredenheidsopname te voltooi indien u dit nog nie gedoen het nie. U terugvoer is vir ons van groot waarde en help ons om 'n inklusiewe en ondersteunende omgewing te skep waarin elke leerder kan floreer.

Die opname neem slegs 'n paar minute om te voltooi, en alle antwoorde sal streng vertroulik hanteer word. Ons waardeer u deelname en bedank u by voorbaat vir u tyd en waardevolle terugvoer.

Voltooi asseblief teen Vrydag 28 Augustus 2026 'n afsonderlike Google-vorm vir elke kind.

**Grondslagfase skakel**
(Graad 1-3)

**Intersenfase skakel**
(Graad 4 - 7

## GHOLF 2026

Die skool wil graag aan ons leerders die geleentheid bied om in die vierde kwartaal van die jaar in die Pretoria-liga gholf te speel. Stuur asseblief u kind se naam en minstens drie telkaarte aan mnr. Kotze. Die spanne, wat elk uit vier spelers sal bestaan, sal met behulp van die tellings op die telkaarte saamgestel word. Verdere inligting sal deurgestuur word sodra die spanne saamgestel is.

Vir verdere inligting, kontak asseblief mnr. Kotze by (012) 661 0724 of stuur 'n e-pos aan schalkk@lmcp.co.za.



# AFRIKAANSREDENAARS

Die volgende Afrikaansredenaars behaal prestasies tydens kompetisies wat gedurende kwartaal 2 en 3 plaasgevind het:

## Prestige Redenaarsfees

Hierdie kompetisie het uit slegs een rondte bestaan en die volgende sprekers het onder die topdrie geëindig:

- Markus Nienaber (graad 2)
- Jan-Hendrik van Rooyen (graad 2)
- Ruach van der Gryp (graad 4)
- Hayleigh Nass (graad 5)
- Raiden van der Gryp (graad 6)
- Aiden du Preez (graad 6)
- Johan Ferreira (graad 7)
- Lian Grobler (graad 7)
- Interskole Redenaarsliga

Die finale rondte van hierdie kompetisie vind op 19 September by Wits plaas.

- Ethan du Preez (graad 3)
- Monet Bezuidenhout (graad 5)
- Kyrah van Heerden (graad 6)
- Lize Bezuidenhout (graad 7)

## Kansvatter Redenaarskompetisie

Die finale rondte van hierdie kompetisie vind op 18 en 19 September by Laerskool Lynnwood plaas.

- Nina Ballot (graad 4)
- Zara Padayachee (graad 4)
- Kiara Padayachee (graad 6)
- Rose Dunkeld (graad 6)
- Cara du Plessis (graad 7)
- Katherine Cilliers (graad 7)
- Lois Roberts (graad 7)

## Oppie Tong Af Redenaarskompetisie

Die halfeindronde van hierdie kompetisie vind van **7 tot 12 September** plaas en die finale rondte van **10 tot 12 Oktober**.

- Nina Ballot (graad 4)
- Ruach van der Gryp (graad 4)
- Monet Bezuidenhout (graad 5)
- Kyrah van Heerden (graad 6)
- Lize Bezuidenhout (graad 7)

Baie geluk aan al ons voortreflike redenaars!

# TENNISPROEWE VIR 2027

Uitspeelwedstryde vir 2027 ligaspanne sal gedurende kwartaal 4 van 2026 plaasvind.

Wedstryde begin op Maandag 12 Oktober en duur voort totdat al die wedstryde voltooi is.

Wedstryde sal op Maandae, Woensdae en Vrydae plaasvind (nie alle spelers speel op al die middae nie) en sal geskeduleer word sodra inskrywings sluit.

**INSKRYWINGS SLUIT OP MAANDAG 21 SEPTEMBER EN ONGELUKKIG KAN GEEN LAAT INSKRYWINGS AANVAAR WORD NIE.**


Alle 2026 liga-spelers moet weer inskryf indien hulle wil deelneem.
Skryf per e-pos of WhatsApp by Nicoline Wildenboer in:

- nicolinew@midstreamcollege.co.za
- 08248619950

**Reëls vir inskrywing:**

- Graad 2-4 (2026) spelers skryf vir o. 11-spanne in 2027 in.
- Graad 5-6 (2026) spelers skryf vir o. 13-spanne in 2027 in.
- Spelers moet in staat wees om 'n 7-spel wedstryd te speel.
- Spelers moet kan telling hou en van die agterlyn oor die net kan dien.
- Spelers moet beskikbaar wees om uitspeelwedstryde gedurende kwartaal 4 van 2026 te speel.
- Spelers moet vir 2027 by LMCP ingeskryf wees.

Kontak asseblief Nicoline Wildenboer vir enige verdere hulp of om in te skryf.



## OUERKAFEE




## TUCK IN



## LOSLITDAG




## SPRINGFEST

SpringFest 2026! Kaartjieverkope is reeds oop.
Kaartjies beskikbaar – HOWLER
Vir meer inligting, besoek www.springfest.co.za.

